

Report of Deputy Day of Prayer to Synod Soshanguve August 2017

Introduction

The FRCSA Synod 2014 held in Bethal appointed Classis South as deputy for proclaiming a day of prayer in time of war, general calamities and other great afflictions, the presence of which is felt throughout the churches. This appointment is in line with what article 69 CO stipulates regarding days of prayer:

In times of war, general calamities and other great afflictions the presence of which is felt throughout the churches, the classis which has been appointed for this purpose by the last synod, shall nominate a day of prayer. (Edition 2005, Acts Synod 2005, article 25, page 36).

Instruction

Synod 2014 decided:

1. To appoint Classis South to take responsibility for calling days of prayer until the next synod.
Grounds:
It is customary to alternate between the two classes.
2. To instruct classis that a congregation can be tasked to make the necessary arrangements.
Grounds:
To task a congregation to arrange days of prayer is still within the spirit of the CO.

Activities

A Day of Prayer was called by the church of Cape Town for Sunday 14th August 2016.

Herewith an extract out of the record of an *ad hoc* meeting of Classis South held on 20th July 2017 to support the process:

Klassis Suid was deur Sinode 2014 aangewys om 'n Dag van Gebed en Verootmoediging uit te roep; op die vergadering van Klassis Suid van 18 Oktober 2014 is die kerk van Kaapstad hiervoor aangewys. Die kerk van Kaapstad het so 'n dag uitgeroep en die datum was vasgestel vir Sondag 14 Augustus 2016. Ter staving die volgende aanhalings:

Uit die notule van Klassis Suid van 18 Oktober 2014 die volgende:

"8. Korrespondensie.

Ingekom:

b. 1 September 2014: Sinode Bethal 2014/ skriba br E Byker: Benoeming as Klassis vir dae van gebed en verootmoediging. Kennis van geneem. Die kerk te Kaapstad word aangewys om voorstelle aan die Klassis te maak indien dit goed sal wees om so'n dag te hou."

Uit die kerkraadsnotule van Kaapstad van 6 Junie 2016 die volgende:

"Biddag vir reën

'n Versoek is ontvang van br Hans Luijk dat ons as gemeente 'n biddag vir reën sal hou.

Tydens die bespreking is oorweeg dat ons wyer moet dink as om net vir reën in ons land te bid, aangesien daar in Afrika weliswaar 'n nypende gebrek aan reënwater is, maar dat terselfdertyd ander dele van die wêreld deur veels te veel reënwater geteister word, terwyl daar al maande bosbrande in Kanada woed. Dit alles is nie net natuurramp nie, maar middele waardeur God die hoogmoedige

mensheid sy afhanklikheid en nietigheid laat agterkom (Openb. 8). Dit is dus nie net 'n gevolg van El Nino nie, maar die werk van El Sjaddai: God die Almagtige. Daarom is dit beter om 'n verootmoediging-Sondag uit te roep en ons gebede breër te maak as net 'n vraag vir reën. Aangesien die VGK Kaapstad deur die Klassis (vanaf die Sinode) aangewys is om vir die hele kerkverband sulke spesiale biddae uit te roep, sal ons dus die ander gemeentes hierby moet betrek.

Daar word besluit om nog 'n maand te wag en te kyk of die winterreëns dalk die ergste droogte sal breek. Indien nie, kies die kerkraad op sy volgende vergadering 'n Sondag as 'n spesiale verootmoediging-Sondag en sal dit met 'n motivering vir die ander gemeentes laat weet."

Uit die kerkraadsnotule van Kaapstad van 11 Julie 2016 die volgende:

"Biddag van Verootmoediging:

Voorgestel word om, i.p.v. 'n biddag vir reën ('n versoek uit die gemeente), 'n biddag van verootmoediging te hou i.v.m. sake soos die swak ekonomie en die politieke onrus in die land. Daar word genoem dat, hoewel die Weskaap die afgelope maand goeie reën gekry het, daar nog baie reën nodig is en die droogte nog lank nie gebreek is nie, ook in ander dele van die land. Voorgestel word om al die sake te kombineer; dit gaan alles oor ons afhanklikheid van die Here. Kaapstad is deur die sinode aangewys is om vir die kerkverband sulke spesiale biddae uit te roep. Moderamen sal 'n datum vasstel (Sondag 14 Augustus 2016) en 'n skrywe aan die kerkverband rig. Ds Bijzet bied aan om 'n relevante preek voor te berei; hy sal vir sr Van den Berg vra om dit in Engels te vertaal, sodat die hele kerkverband, ook veral die vakante gemeentes, 'n toepaslike preek het vir die dag."

Uit die kerkraadsnotule van Kaapstad van 15 Augustus 2016 die volgende:

"Korrespondensie


a) Uitgaande

1. VGKSA-kerke dd 2016/07/15: *i.s. Biddag van Verootmoediging en Gebed "*

Proposal

Synod appoints, in line with article 69 CO, a classis that can nominate a day of prayer.

For Classis South



MA de Mooij
Scribe